

LEWE ONDER DIE WET OF DEUR DIE VRYHEID VAN DIE GEES

Doen die Bybelstudie oor Romeine 5 as huiswerk vir die volgende sessie: "Lewe onder die wet of deur die vryheid van die Gees."

ADAM		JESUS
<p style="text-align: center;">Debiet R6 Miljoen</p>		<p style="text-align: center;">Krediet R6 Miljoen</p> <p style="text-align: center;">“Meer as”</p> <p style="text-align: center;">“Oorvloediger” R6 Miljoen (+)en Blanko tjek</p>

Lesing

Om ons die waarde van die vryspraak deur Jesus Christus te laat verstaan, gebruik Paulus 'n paar argumente:

- * **VRYSpraak** beteken meer as net **DAT MY SONDE VERGEWE IS.**
- * **JY** is vry om te kies **WIE JY WIL DIEN.**
- * Die **MEESTER** van jou keuse **BEPAAAL JOU BELONING.**

In Romeine 5:15-21 word die gedagte uitgebou dat God meer met ons doen as om net ons sondes te vergewe. Dit word as volg beskryf:

<u>Een mens se sonde</u>	IN VERGELYKING MET	<u>God se geskenk</u>
Op een oortreding volg die oordeel		Die genadegawe van God lei tot vryspraak
Voltooi nou die res van hierdie vergelykings in die volgende reëls:		
<p>1. 5:16. Op die oortreding van die een mens het die oordeel gevolg en dit lei tot</p> <p>.....</p>	<p>oordeel gevolg en</p>	<p>Maar op die baie oortredings het die genadegawe gevolg dit en dit lei tot</p> <p>.....</p>

In hierdie vergelyking, KANSELLEER die vryspraak van Jesus DIE SONDE van Adam bloot uit. Dit kan dus voorgestel word as:

.....
 2. 5:18. Een oortreding
 het gelei tot
 veroordeling van

1 = 1

.....
 Een daad van
 gehoorsaamheid het
 dus ook gelei tot

 +(en)

 vir almal

In hierdie nuwe argument is die uitwerking van Jesus se vryspraak MEER AS OM NET DIE SONDE UIT TE KANSELLEER, iets WORD BYGEVOEG (Du Toit 1984:71). Dit kan as volg voorgestel word:

.....

1 = 1 + 1

.....

Die vryspraak deur Jesus doen meer as om net die gevolg van ons sondes (die dood) weg te neem. Deur Christus lewe ons weer +(en) ons regeer saam met Hom (5:17). Die bedoeling van hierdie soort argument is om die sondaar te laat begryp hoe groot is die weldade wat ons deur Jesus Christus gekry het.

VRYHEID OM TE KIES

Die besef dat ons vrygespreek is, kan 'n verkeerde soort reaksie by 'n mens tot stand bring. Ons kan dalk so bly wees oor die verlossing dat ons aangaan met sonde doen. Hy wil voorkom dat dit ons reaksie op die vryspraak sal wees, daarom is daar die volgende argument.

3. Wat is die bedoeling daarvan dat ons "Dood is vir die sonde." (Romeine 6:2).

.....

EN "Sodat ons ook so 'n nuwe lewe kan lei" (Romeine 6:4).

.....

WERK VIR 'N NUWE BAAS

In Romeine 6:12-14 is daar 'n aanduiding van twee nuwe base, jy is vry om te kies watter een van die twee jy wil dien.

4. Voltooi nou die volgende sinsnedes

HEER NOMMER EEN
 Stel jou liggaam in diens van

 as werktuig van

HEER NOMMER TWEE
 Stel jou liggaam in diens van
 as
 werktuig van

Uit hierdie argument is dit duidelik dat jou LEWENSTYL 'n AANDUIDING gee van JOU HEER in wie se diens jy staan.

Hierdie keuse wat ons maak wie ons wil dien, het ook 'n uitwerking op ons lewe, want elkeen van hierdie base betaal sy eie loon uit aan sy slawe (Rom. 6:21-23).

5. Slawe van die sonde se loon is

Slawe van God se loon is

Dit is opvallend dat hy die resultaat van ons keuse nie alleen as iets in die toekoms beskryf nie, maar ons beleef op aarde alreeds iets van hierdie resultate (Du Toit 1984:74).

Kom ons neem as voorbeeld dat ek sê: "Ek kan nooit dinge reg doen nie, ek gee mense altyd aanstoot en ek skinder oor hulle." Die resultaat van ons verskillende keuses kan so beskryf word:

AS SONDE MY HEER IS

Dan sê ek: "Ek weet ek kan nie op 'n ander manier optree nie."

DIE RESULTAAT

Ek is skaam en mense vermy my gedurig.

AS GOD MY HEER IS

Dan sê ek: "Ek weet dat ek anders kan optree, want ek is nie langer 'n slaaf van die sonde nie. Ek probeer om anders op te tree, somtyds slaag ek, somtyds misluk ek."

DIE RESULTAAT

Ek ervaar 'n groeiende vrymoedigheid om op hierdie nuwe Christelike manier op te tree. Ek ervaar 'n nuwe vryheid en vrede in my hart. Mense vermy my nie meer so baie soos voorheen nie.

